

Verkenners keer terug uit Kanaän; opstand dreig

KADES (PARANWOESTYN). – Pandemonium het gistermiddag laat by die volksvergadering van die Israeliete uitgebreek toe die leiers wat die land Kanaän gaan verken het, aan die volk verslag gelewer het. Die opstand het ontstaan toe die meeste verkenners gesê het dit is onmoontlik om die land in te neem.

Die twaalf leiers is bykans sewe weke tevore deur Moses uitgestuur om die land Kanaän te gaan verken. Hulle het gister teruggekeer.

Die manne was dit eens dat die land inderdaad baie vrugbaar is. Om hulle berig te staaf, het hulle vrugte saamgebring, onder andere 'n druiwetros wat so groot is dat twee mans dit aan 'n stok moes dra!

Oor die inneembaarheid van die land was daar egter nie eenstemmigheid nie. Josua seun van Nun en Kaleb seun van Jefunne is vol vertroue dat hulle die land sal kan inneem. Die ander tien verkenners is egter nie so optimisties nie. Hulle wys daarop dat die inwoners van die land gedugte teenstanders is en boonop in groot, versterkte stede woon. Daar woon selfs reuse, vermoedelik afstammelingen van die Enakiete.

Toe die volksvergadering hierdie berig hoor, het daar pandemonium uitgebreek. Die volk het in verzet teen Moses en Aäron gekom en hulle uitgeskel. Hulle wou met alle geweld 'n nuwe leier kies wat hulle na Egipte kon teruglei. Toe Josua en Kaleb tussenbeide probeer tree, het die opstandige skare gedreig om hulle met klippe dood te gooi.

Teen druktyd gisteraand was die vergadering nog aan die gang, en dit het in daardie stadium nie gelyk of die saak vreedsaam opgelos sal kan word nie.

- Lees hiervan in [Num. 13](#) en [14](#).

Groot droogte kom glo van God af

SAMARIA. - 'n Paleiswoordvoerder het hier bekend gemaak dat die ernstigste droogte in menseheugenis wat die land tans teister, glo etlike maande gelede al deur die Tisbiet Elia, 'n bywoner uit Gilead, in die Naam van die Here aangekondig is. Elia het dié aankondiging aan koning Agab gedoen en onmiddellik daarna die land verlaat. Hy skuil tans vermoedelik by 'n weduwee in die stad Sarfat in Sidon.

- Lees hiervan in [1 Kon. 17](#).

OORLOGSWOLKE PAK SAAM IN NOORDE

JERUSALEM. - Paniek heers in die hoofstad hier sedert berigte die stad bereik het dat die Aramese koning Resin 'n oorlogsverdrag met die Israelitiese koning Peka seun van Remalja gesluit het om 'n veldtog teen Jerusalem te onderneem. Die Aramese troepe het reeds in Efraim aangekom, terwyl die Israelitiese magte besig is om op die noordelike grens van Juda saam te trek. Dit lyk in hierdie stadium of oorlog onafwendbaar is.

Berigte uit die paleis lui intussen dat die profeet Jesaja gister vir koning Agas by die boonste dam in die Bleikveld gaan spreek het waar hy besig was om die kanaal te ondersoek in voorbereiding vir 'n moontlike beleg van die stad. Jesaja wou glo die koning gerusstel dat daar niks van die veldtog sal kom nie, omdat die Here dit sal verhoed.

By navraag het koning Agas bevestig dat hy Jesaja teengekom het. Hy steur hom egter nie aan wat die man te sê gehad het nie, het die koning gesê. Jesaja het immers nie 'n benul van internasionale politiek nie. "Ek het 'n land om te regeer, en ons staan op die vooraand van 'n geweldige oorlog. Ek het nie tyd om na ouvroutories te luister nie," het hy gesê.

- Lees hiervan in [Jes. 7](#).

Die Bybelkoerant

Geloof

Geloof vra nie net van ons om te aanvaar dat daar 'n God is, al kan ons Hom nie sien nie. Geloof vra ook dat ons aanvaar dat Hy ons lotgevalle beskik. Geloof vra verder dat ons op grond van hierdie aanvaarding sal handel. Dat ons ons aan Hom sal toevertrou en ons lewe op grond van sy Woord sal inrig.

Dit was hierdie soort geloof wat die weduwee van Sarfat beweeg het om haar laaste bietjie meel en olie - dit wat letterlik tussen haar en haar seuntjie en 'n hongerdood gestaan het - te vat om vir die man van God 'n maal te berei. Want die Here, die God van Israel, het belowe dat Hy vorentoe sal sorg, totdat dit weer reën.

Dit was hierdie soort geloof wat die Israëliete op die vooraand van hulle intog in die Beloofde Land gekort het. Hulle sien net die versterkte stede en die magtige krygers van die vyand, en word dan paniekbevange. Soos koning Agas baie jare later: "Hulle het gebewe soos die bome in die bos bewe in die wind" (Jes. 7:2). Vir hulle sê die Here: "Julle sal nie standhou as julle nie in geloof standhou nie" (Jes. 7:9).

Jy kan ook vandag standhou, selfs in uiterste beproewing, as jy gló. God is immers in beheer!

Godsdiensteier laat sy volgelinge skrik

Van ons Ou Testament redaksie

SINAIBERG. – Die geestelike leier van die Israeliete, Moses seun van Amram se gesig het só geblyk na 'n tyd van geestelike afsondering in die teenwoordigheid van sy God op Sinaiberg dat sy volgelinge vir hom bang geword het. Hy was verplig om sy gesig met 'n sluier toe te maak voordat hy met hulle kon praat om die boodskap wat hy van sy God ontvang het, aan hulle oor te dra.

Dié sonderlinge verskynsel het hom afgespeel toe Moses na 'n tydperk van veertig dae en nagte in sy God se teenwoordigheid na sy volgelinge teruggekeer het. Blykbaar het hy in dié tyd geen kos geëet of water gedrink nie. Hy was weg om die sogenaamde Tien Gebooe of grondbeginsels van hulle godsdienste, deur sy God self op twee plat klippe gegraveer, in ontvangs te neem.

Dit is al die tweede keer dat Moses vir 'n tydperk van veertig dae in God se teenwoordigheid bly. Die vorige keer het hy ook die Tien Gebooe ontvang, maar toe hy teruggekeer het van die berg af, het hy ontdek dat die volk intussen vir hulle 'n goue beeld van 'n bulkalf opgerig het en dit aanbid het. Só ontsteld was hy oor die volk se geestelike dwaling dat hy die klippe waarop die gebooe gegraveer was, flenters gegooi het.

Hopelik sal dieselfde lot nie die tweede stel klippe ook tref nie.

- Lees hiervan in [Eks. 34:1-10](#) en 28-35.

RABBI JESUS DALK 'n HEILIGE?

Van ons Nuwe Testament redaksie

SESAREA-FILIPPI. – Die drie getrouste volgelinge van die omstrede rabbi Jesus

van Nasaret glo vas dat hulle meester 'n heilige is. Dié oortuiging kom nadat Jesus na bewering voor die oë van Simon en die broers Jakobus en Johannes van voorkoms verander het. Sy gesig het glo begin straal soos die son, en sy kleres het wit geword soos die lig.

Wat hulle verhaal nog vreemder maak, is dat Moses en Elia by dieselfde geleentheid aan hulle verskyn het en met Jesus gepraat het! Daarna het 'n helderligte wolk skielik sy skaduwee oor hulle gegooi. Die dissipels het toe 'n stem uit die wolk gehoor wat sê: "Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom."

'n Woordvoerder van die Joodse Raad, die priester Aleksander, het die bewerings egter as "verregaande arrogansie" en "snert" afgemaak. Hy het gesê dit is ontstellend dat Jesus mense so kan mislei. "Dit is nie net verdigsel nie. Ons het hier met godslastering te doen. Maar wat kan jy anders verwag? Hierdie mense kom almal van Galilea af. Hulle weet nie van beter nie," het hy gesê.

- Lees hiervan in [Matt. 17:1-8](#).

'n Nuwe boek verskyn

'n Balling op die eiland Patmos, ene Johannes, het pas 'n manuskrip voltooi van 'n boek wat hy bloot "Die Openbaring" noem. Die boek is geskryf in die apokaliptiese genre, en bevat naas 'n profesie oor die wêreldverloop tot aan die einde van die aarde se bestaan, ook 'n sewetal briewe aan die sewe gemeentes van Jesus Christus in Klein-Asië.

Volgens Johannes is die boek die vrug van 'n buitengewone visioen wat hy op die Patmosstrand gesien het toe Jesus van Nasaret aan hom verskyn het. "Dié ontmoeting het my hele lewe verander. Ek glo dit sal ook elkeen wat die boek lees so aangryp soos dit my aangryp het," het die vriendelike grysaard gesê.

Lees hiervan in [Openb. 1](#).

Die Bybelkoerant

Die glans van God

Die vlekkelose heiligheid van ons Heiland het slegs een keer tydens sy aardse lewe déúr sy menslike natuur gebreek, daar op die berg van verheerliking, toe Hy besig was om te bid (vgl. Luk. 9:29). Sy hele voorkoms het verander: sy klere 'n skitterende wit, sy gesig stralend soos die son. Dit was ook wat Johannes op Patmos gesien het: "Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn" (Openb. 1:16).

Toe Moses op Sinaiberg in noue kontak met God gekom het, het iets van hierdie majesteitlike heiligheid aan hom afgegee. Daarom begin sy gesig dié heilige heerlijkheid uitstraal.

Vandag is dit nog so. 'n Mens wat naby God lewe, verander. So iemand begin net eenvoudig iets van God se heerlijkheid uitstraal. Jy sien dit in haar oë, jy hoor dit in haar praat, jy merk dit in haar optrede. Dit kan ook nie anders nie. "Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem," skryf Paulus as hy hierdie gebeurtenis in herinnering roep. "Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is" ([2 Kor. 3:18](#)).

Verlig die glans van ons hemelse Verlosser jóú gesig?

Israeliete neem goue kalf feestelik in ontvangs

SINAIBERG. – Die Israelitiese leier Aäron het vanoggend hier aangekondig dat daar môre 'n fees vir die Here gehou sal word. Hy het dié aankondiging gedoen by die onthulling van 'n beeld van 'n bulkalf wat hy op versoek van die volk gemaak het.

Die beeld van suiwer goud is 'n meesterstuk van vakmanskap. Die goud kom van duisende goue ooringe wat die volk gegee het sodat Aäron dit kon opsmelt om die kalf mee te maak. By die onthulling van die beeld het Aäron sy volksgenote bedank vir die ruimhartige wyse waarop almal bygedra het om die kalf 'n werklikheid te maak.

Die gedagte aan die beeld het 'n tyd gelede ontstaan toe die volk onrustig begin word het omdat hulle leier Moses, 'n jonger broer van Aäron, spoorloos verdwyn het. Hy het bykans sewe weke gelede die berg Sinai uitgeklim en in die wolke wat oor die berg gehang het, ingestap om hulle God te ontmoet. Sedertdien is hy nog nie weer gesien nie, en die vermoede bestaan dat hy in die berg omgekom het. Daar was juis in die tyd dat hy verdwyn het 'n hewige aardbewing en swaar donderweer op die berg.

Moses was die man deur wie God die volk uit Egipte gelei het. Met sy verdwyning is hulle nou herderloos, en die volk het aangedring op iets om hulle te verseker dat die God van Moses nog steeds by hulle is. Dit het Aäron laat besluit om die bulkalf te maak. Die kalf, het hy ons korrespondent verseker, is nie 'n nuwe god nie. Dit is net 'n rydier vir hulle God Jahwe wat hulle uit Egipte verlos het. “As ons die beeld sien, weet ons God is by ons, want Hy ry op die kalf saam met ons deur die woestyn. Daarom gaan ons more feesvier ter ere van die Here.”

Oor sy kunstige vakmanskap is die man agter die beeld baie beskeie. Hy het sy prestasie afgemaak as 'n nietigheid. “Ek het maar net die goud in die vuur gegooi, en toe het die bulkalf as 't ware vanself daaruit gekom,” het Aäron gesê.

Lees hiervan in [Eks. 32](#).

FILISTYNE VERPLETTER ISRAEL BY AFEK

Militêre verslaggewer

AFEK. - Die Filistynse leërmagte het gister hier 'n slagting onder die Israeliete aangerig toe hulle nie minder nie as dertig duisend Israelitiese voetsoldate afgemaai het. Hierdie klinkende oorwinning kom slegs enkele dae na 'n skermutseling tussen dié twee leërs waarin vier duisend man van Israel gesneuwel het.

Om sake vir die Israeliete te vererger, is die verbondsark van die Here ook deur die Filistyne gebuit. Die verbondsark is die enkele mees kosbare godsdienstige besitting van die Israeliete, en dateer uit die dae van hulle omswerwinge in die Sinaiwoestyn. Destyds het hulle groot leier Moses die ark laat maak om die twee kliptafels waarop die Tien Gebooe gegraveer is, in te bêre. Volgens oorlewering het hulle God self sy groot wet op dié klippe geskryf.

Die ark is na die eerste nederlaag 'n paar dae gelede uit Silo laat haal, omdat die Israeliete geglo het dat dit sal verseker dat hulle God hulle in die geveg sal help. Die besluit het egter lelik op hulle geboemerang, aangesien dit die Filistyne aangespoor het om nóg harder te veg.

Ons korrespondent in Silo, waar die ark die afgelope veertig jaar in die sorg van die priester Eli was, berig dat die gryse priester gisteraand van skok agteroor van sy stoel geval het toe hy die tyding gekry het dat die ark gebuit is. Hy het sy nek in die val gebreek en is op slag dood.

Lees hiervan in [1 Sam. 4:1-11](#).

Die Bybelkoerant

Ons kan God nooit besit nie

Het die Israeliete hier 'n nuwe, ander god ingevoer? Dit lyk tog nie so nie. Die kalf moes dien as teken van God - dié God wat hulle uit Egipte verlos het - se teenwoordigheid. Daarom kondig Aäron "'n fees vir die Here" af (Eks. 32:5).

Hulle motief is duidelik: solank die kalf by hulle is, weet hulle God is by hulle. Hy ry immers op die kalf met hulle saam. Só, het hulle gemeen, kan hulle 'n houvas op God kry.

Hoe futiel dit is om op so 'n manier God te probeer manipuleer, het hulle kort daarna agtergekom toe Moses die beeld tot poeier gemaal het. Dit moes die Israeliete jare later by Afek nogeens leer toe hulle gemeen het hulle kan God met die verbondsark in hulle laer inlok.

Die versoeking is vandag nog net so groot om vir God op een of ander wyse voor te skryf: hoe Hy behoort op te tree, wat Hy moet en nie moet doen nie, hoe Hy ons lewe en wêreld moet regeer. God laat Hom egter nie rondstoot nie - nie toe nie, en ook nie nou nie. Hy is immers die soewereine God van hemel en aarde.

Ons kan Hom nooit besit nie. Hy moet óns besit. Ook vandag.

Die Israeliete berei voor vir 'n

verbond met God

Van ons Ou Testament redaksie

SINAIBERG. - In 'n dramatiese skouspel van kosmiese kragte het die Israeliete se God gister hier by die berg aan dié woestynvolk verskyn. Die verskyning kom op die vooraand van 'n historiese verbondsluiting tussen die volk en hulle God.

Die volk het hulle in opdrag van hulle leier Moses twee dae lank vir die ontmoeting voorberei deur te vas en hulle te reinig. As verdere voorsorgmaatreël is almal, mens en dier, verbied om dit naby die berg te waag.

Niks kon hulle egter voorberei op die ontsagwekkende gebeure wat hulle gister beleef het nie. Met dagbreek gisteroggend was daar donderslae, weerligte en 'n donker wolk op Sinaiberg. Die sterk, helder klank van 'n ramshoring het onophoudelik weerklink. Rook het uit die berg getrek sodat dit gelyk het of die hele berg aan die brand geslaan het. 'n Hewige aardbewing is ook waargeneem.

Só ontsettend was die skouspel dat die Israeliete vir hulle lewe gevrees het. Hulle het Moses versoek om liewer namens hulle verder met God te onderhandel.

Moses het toe die berg uitgeklim om die Wet van God, wat die inhoud van hulle verbondsooreenkoms met Hom is, in ontvangs te neem.

Ondertussen heers daar ontsteltenis onder die volksleiers omdat Moses nog nie weer van die berg af teruggekeer het nie. Hy is laas opgemerk toe hy die donker wolk wat oor die berg hang, ingestap het. Hy is sedertdien nog nie weer gesien nie. Een van die leiers het opgemerk: "Dis waarvoor ons bang was. 'n Gewone sondige mens kan mos nie voor die lewende God verskyn nie! Sy heiligheid sal jou eenvoudig verteer. Ek dink nie ons sal vir Moses weer sien nie."

- Lees meer hiervan in [Eks. 19](#) en [20:18-21](#).

RABBI MAAK OFFERDIENS ONMOONTLIK, SÊ LJR

Van ons verteenwoordiger in die Joodse Raad

JERUSALEM. - Die rabbi Jesus van Nasaret maak dit vir gewone mense bitter moeilik om hulle godsdienstige verpligtinge na te kom.

Só sê 'n vooraanstaande priester en lid van die gesaghebbende Joodse Raad. Hy is om kommentaar genader oor uitsprake wat rabbi Jesus sou gemaak het in 'n onlangse preekrede op 'n heuwel in Galilea. Jesus het glo gesê 'n mens moet jou offer laat staan as jy weet dat iemand iets teen jou het. "Wie van ons het nie êrens iemand wat vir hom kwaad is nie?" het die priester, wat nie sy naam gepubliseer wil hê nie, gevra.

Hy het bygevoeg dat hierdie soort uitsprake uiters onverantwoordelik is, want dit ontmoedig die gewone mense om aan die offers deel te neem. Daarmee neem hy eintlik die priesters se brood uit hul mond, want hulle deel van die offervleis is 'n belangrike inkomstebron vir die priestergemeenskap.

Simon bar Jona, een van Jesus se dissipels, sê egter dat Jesus uit konteks aangehaal is. Hy het wel gesê jy moet jou gawe los as jy weet iemand het iets teen jou. Maar dit was nie al wat hy gesê het nie. Hy het voorts gesê dat jy dan met jou broer moet gaan vrede maak, sodat, wanneer jy daarna jou offer bring, jy dit ongehinderd kan doen.

- Lees van Jesus se uitsprake oor die bring van offers in [Matt. 5:23-24](#).

Sondaar en regverdig tegelyk

'n Saak wat jou opval as jy van die gebeure daar by Sinaiberg lees, is die uitvoerige voorbereidings wat die Israëliete moes tref alvorens hulle vir God kon ontmoet: twee dae lank moes hulle hulle liggaamlik en geestelik reinig. Die boodskap aan die Israëliete is duidelik: om die lewende God te ontmoet, is nie 'n gebeurtenis wat jy sommer so in jou gewone alledaagse gang indruk nie. God is immers heilig, en wie voor Hom verskyn, moet daarom ook heilig wees, anders wees, afgesonder vir diens aan Hom. Dit was ook Jesus se boodskap aan sy dissipels: berei jou voor wanneer jy God tegemoet tree.

Ten spyte van hulle uitvoerige voorbereidings het die Israëliete egter ongemaklik en bang gebly. Daarom versoek hulle Moses om as tussenganger vir hulle in te tree. En hierin sou Moses die voorloper word vir 'n ander Tussenganger, ons Middelaar, Jesus Christus. Hy het sonde geword, onrein, vervloek en verwerp op Golgota, sodat ons geheilig en rein voor die lewende God kan staan, sonder vrees. Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees ([2 Kor. 5:21](#)).

Vrygespreek - en tog! Maarten Luther sê ons is *simil iustus et peccator*, tegelyk regverdig én sondaar. Laat ons dit onthou as ons voor God verskyn. Sonder voorbereiding kon Israel nie voor God gaan staan nie. En behoort ons ook nie.

Nuwe regeringstelsel vir die Israëliete aangekondig

Van ons Ou Testament redaksie

REFIDIM. - Die Israelitiese leier Moses het op 'n volksvergadering hier bekend gemaak dat hy die hele regeringstelsel gaan hervorm.

Dié aankondiging kom ná indringende samesprekings wat Moses met sy skoonpa, die priester Jetro van Midian, gevoer het. Jetro het hom onlangs by die Israelitiese laer aangesluit vir 'n kort besoek. Hy het ook Moses se vrou, Sippora, en hulle twee seuns Gersom en Eliëser saamgebring uit Midian, waar hulle agtergebly het toe Moses destyds na Egipte terug is om die volk uit slawerny te verlos.

Moses het gesê hy beoog om bekwame manne uit Israel te kies as hoofde oor die volk. Hy het gesê hy gaan leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien aanstel om die huishoudelike sake van die volk te reël. Hierdie sake is tot dusver deur hom alleen behartig. Dit was nie 'n baie bevredigende situasie nie en het dikwels tot verdragings gelei. Hy het egter benadruk dat hy hom nie van die regering onttrek nie. Die belangrikste sake sal steeds deur hom behartig word.

Moses se aankondiging het oral byval gevind, te oordeel na die entoesiasme waarmee die volk op sy toespraak gereageer het. Dit behoort ook die onmenslike las wat op Moses se skouers gerus het sedert die uittoeg uit Egipte, te verlig.

- Lees hiervan in [Eks. 18](#).

HISTORIESE OORWINNING VIR JONG VOLK

REFIDIM. - In die eerste geveg waarin die Israeliete betrokke geraak het sedert hulle wonderbaarlike ontkoming van die Egiptenare by die Rietsee, het hulle gister die Amalekiete heeltemal verslaan. Die Israelitiese magte is aangevoer deur Josua seun van Nun. Die geveg het die hele dag lank wipplank gery. Eers teen sononder het Josua daarin geslaag om die oorhand te kry.

- Lees hiervan in [Eks. 17:8-16](#).

Paulus neem afskeid van sy geliefde

gemeente

Van ons Nuwe Testament redaksie

MILETE. - Die bekende evangelis en sendeling Paulus van Tarsus het gister hier onder trane afskeid geneem van die ouderlinge van Efese, een van sy geliefde gemeentes in Klein-Asië.

Paulus, wat die hawe hier onderweg na Jerusalem aangedoen het, het die ouderlinge ontbied sodat hy hulle vir oulaas kan sien. Hy het gesê hy verwag om in Jerusalem, waar hy die pinksterfees gaan bywoon, deur die Jode gevange geneem te word. Hy sal hulle daarom waarskynlik nie weer sien nie.

In sy afskeidsrede het hy hulle dringend vermaan om hulleself en die hele gemeente wat die Heilige Gees onder hulle sorg gestel het op te pas. Hy het die gemeente met 'n kudde vergelyk, en gesê die ouderlinge is soos herders wat die kudde moet versorg. Soos daar in 'n gewone kudde voortdurend die gevaar bestaan dat wolwe die kudde kan verskeur, só moet die ouderlinge waak teen mense wat met leuens die gemeente sal probeer verlei.

Die gemeente in Efese het onder Paulus se arbeid tot stand gekom. Hy is onlangs, na 'n verblyf van meer as drie jaar, daar weg toe die silwersmede onder aanvoering van Demetrius die stad teen hom opgesweep het.

- Lees hiervan in [Hand. 20:16-38](#), asook oor die ontstaan van die gemeente in Hand. 19.

Nie op jou eie nie

Die Bybel is vol daarvan dat God soms baie groot dinge van enkelinge verwag: Abram moet van sy mense wegtrek om 'n nuwe volk tot stand te bring; Moses moet sy volk lei na die beloofde land; Paulus dra die evangelie uit tot aan die uithoeke van die destydse wêreld.

Tog, as ons hierdie mense se lewe volg, sien ons dat God nie verwag dat hulle hierdie groot dinge man-alleen moet uitvoer nie. Dit was die rede vir Jetro se besoek aan Moses, want Moses het probeer om alles self te doen, en dit het op chaos afgestuur. Jetro het Moses se oë daarvoor oopgemaak dat God ook ander bekwame mense voorsien wat sy vraag ligter maak – Aäron en Hur wat sy arms omhoog hou, en ander leiers wat saam met hom die volk kan bestuur. “Dit sal vir jou makliker wees as hulle die verantwoordelikheid saam met jou dra. (Dan) sal jy met die werk kan aanhou,” is Jetro se wyse raad ([Eks. 18:22,23](#)).

Paulus het dít goed begryp. Daarom het hy nooit 'n “dominee-kerk” gestig wat na sy pype moes dans nie. Hy het van die begin af mense in die gemeentes gehad om saam met hom die versorging van die gemeente te behartig. Daarom kon die gemeentes later ook sonder hom die mas opkom. Dit was immers nie sy kerk nie, maar Christus s'n.

Die Here het ook vir jou 'n taak in sy koninkryk. Nie op jou eie nie, maar saam met ander. Wat 'n voorreg!

HEILIGDOM IN GEBRUIK GENEEM

Van ons Ou Testament redaksie

SINAIBERG. – Die Israëliete het gister, 'n jaar nadat hulle uit Egipte weggerek

het, hulle heiligdom met gewyde plegtigheid in gebruik geneem.

Pas nadat die Israelitiese leier, Moses seun van Amram, 'n kort wydingsrede gelewer het, het 'n wolk die heiligdom oordek. Die magtige teenwoordigheid van die Here, die God van Israel, het toe die heiligdom gevul.

Die uitdagende taak om die heiligdom te maak, is enkele maande gelede begin deur 'n hele span spesialisvakmanne onder die bekwame leiding van Besaleël seun van Uri en Oholiab seun van Agisamak. Hulle het die opdrag gehad om, aan die hand van enkele riglyne wat die Here aan Moses gegee het, die hele heiligdom te ontwerp en te maak: die verbondsark met sy versoendeksel, die voorhangsel, die tafel vir die offerbrood, die wierookaltaar en brandofferaltaar, die bronswaskom, talle heilige voorwerpe, die tent van ontmoeting waarin die heilige voorwerpe gehuisves word, en selfs die klere van die priesters.

In sy wydingsrede het Moses gesê hy het enkele dae gelede, toe die werk voltooi is, alles geïnspekteer, en hy is hoogs beïndruk met die puik vakmanskap en klem op detail. Hy het die vakmanne bedank vir hulle toegewyde werk, en ook 'n besondere dankwoord teenoor die volk uitgespreek vir hulle ruim bydraes, sodat die ganse heiligdom sonder 'n sent skuld voltooi kon word.

Moses het gesê dit is vir hom ondenkbaar dat hulle sonder God se teenwoordigheid en leiding selfs daaraan kan dink om voort te gaan. Juis daarom is die inwyding van die tabernakel vir hom van besondere betekenis.

- Jy kan meer van hierdie inwyding lees in [Eks. 40](#).

Evangelis het nou sy oog op Europa

Van ons Nuwe Testament redaksie

TROAS. – Die bekende sendeling en evangelis Paulus van Tarsus het gistermiddag op 'n nuuskonferensie hier aangekondig dat hy voornemens is om hom voortaan in sy sendingwerk op Europa toe te spits.

Paulus het gesê sy plan was eintlik om 'n sendingreis deur Asië te onderneem. “Ons was oorgehaal om eers Misië en dan Bitinië te besoek, maar die Heilige

Gees het anders besluit. Ek het baie duidelike leiding van die Gees gekry om dit nie in hierdie stadium te doen nie, en ons was verplig om op die grens van Misië om te draai,” het Paulus gesê.

Volgens Paulus het hy 'n baie sterk roeping ontvang om die evangelie in Masedonië te gaan verkondig. Hoewel dit nie heeltemal sy beplanning is nie, sien hy nou baie daarna uit om die boodskap van Jesus Christus in Griekeland te verkondig. “Ek wil veral baie graag met die wysgere in Atene gesels,” het hy gesê. “En dan, eendag, hoop ek om ook nog by Rome uit te kom met die goeie nuus, mits God dit natuurlik in sy wysheid so beskik.”

Paulus word op sy sending-uitreiking vergesel deur twee medewerkers, Silas en Timoteus. Hulle beoog om hulle eerste uitreik op Europese bodem in die stad Filippi te doen.

- Lees hoedat die Heilige Gees Paulus na Europa gelei het in [Hand. 16:6-15](#).

Die Bybelkoerant

Die Gees se werk

Sonder die wedergeboorte en die oortuigingswerk van die Heilige Gees in ons harte sou ons nooit Christus se verlossingswerk aanvaar en geglo het nie. En sonder sy leiding sou ons, koersloos en blind, vergeefs die pad agter die Here Jesus aan gesoek het. Hy het immers gekom om ons in die hele waarheid te lei, soos die Here belof het in [Joh. 16:13](#).

In die woestyn het die Gees van God deur 'n wolkkolom die volk gelei. Sedert Pinkster woon Hy in elke gelowige. Ons liggame is nou die tabernakel van die Heilige Gees ([1 Kor. 6:19,20](#)).

Paulus het uitgevind dat die Gees soms anders lei as wat ons beplan. En daarmee

moet elke gelowige deeglik rekening hou. Dit sal eers werklik Pinkster in jou lewe word as jy jou fyn instel, nie net om Hom te hoor nie, maar veral om Hom te gehoorsaam.